

Visie: Gedring deur God se Liefde leef ons om Hom te verheerlik
Missie: Koinonia, Geloof en Getuienis

Jaargang 21

3de Kwartaal 2020

“DIE HERE IS MY HERDER, EK KOM NIKS KORT NIE.”

Lees: Psalm 23 **Teks:** Psalm 23:1

Dis ongekend! Niemand het die huidige omstandighede al belewe nie. Ons wroeg oor talle kwessies: Die moontlikheid om siek te word, en die talle sterftes. Die verswakende ekonomie en ons kinders wat werkloos raak.

Dis in sulke omstandighede dat ons stoei met Bybelse waarhede, en biddend pleit dat die Here ons hoop sal vernuwe. Dawid skryf immers: “Ek kom niks kort nie.”

Iemand wat net op hierdie paar woorde fokus, kan die afleiding maak dat kinders van die Here nóóit aan iets `n tekort sal hê nie. Nooit sal siek word nie! Nooit geliefdes sal sien swaarkry nie!

Lees ons Psalm 23 egter noulettend, dan sien ons tog onderliggende negatiewe momente:

- Om in “groen weivelde te rus”, belig die teendeel, naamlik plekke waar onrus belewe word;
- Om by “waters waar daar vrede is” te kom, belig die teendeel, naamlik plekke van onvrede;
- Om “nuwe krag” te ontvang, belig die teendeel, naamlik die belewenis van kragteloosheid;
- Om “op die regte paaie” gelei te word, belig die teendeel, naamlik om koersloos te kan wees;
- Om in “donker dieptes” neer te daal, en om op grond daarvan as volwassene “bang te wees”!

Ons maak `n reuse fout om op grond van ons teks te reken dat kinders van die Here nooit aan iets `n tekort gaan hê nie. Ons móét rekening hou met die waarheid, naamlik dat ons ons in `n gebroke werklikheid bevind. Die allergrootste



fout wat ons kan maak, is dat ons die deurslaggewende woorde in Psalm 23 vers 1 miskyk:

“DIE HERE IS MY HERDER, ek kom niks kort nie.”

Daar is iets uitsonderlik aan die Here se herderskap. Ons sal dit snap die oomblik wanneer ons weet hoedat die herders in Dawid se tyd hul herderskap beoefen het. Hulle het nie soos die veeboere in Australië te werk gegaan nie. “Down under” gebruik die boere diere om hul vee mee aan te jaag: Skaaphonde om die skape van agteraf aan te por, en die Australiese beeshond wat beeste saggies aan die hakskene byt, om hulle van agteraf aan te por ...

Destyds het die herders nie só aangejaag nie. Nee! Die herders het vóór hul vee uitgeloop! Die herder weet immers waar die “weiveld” én “water” én “rus” én “vrede” te vinde is. `n Goeie herder “jaag nie aan” soos die Australiërs nie! Nee, hy loop vóór hulle uit. Om by die allerbeste en die mees uitnemende te kom, benodig ons `n uitsonderlike Herder om vóór ons uit te loop!

Dit is in dié opsig dat Jesus Christus as `n uitsonderlike goeie Herder bestempel kan word:

Hy het vóór sy kudde uitgeloop, die doodsvalei betree, ons straf gedra, die satan en die dood oorwin, en uit die dood opgestaan. Met sy hemelvaart het Hy die weg vir ons voorberei. Hy sit aan die regterhand van God. Hy pleit vir ons (Rom 8:34)!

Voorwaar: Ons kan hoopvol wees! Jesus Christus ís immers die goeie Herder!

Dr Willus Knipe – Emeritus leraar, Lynwoodrif - willus.knipe@gmail.com

Grafika: <https://bybelkoerant.co.za/2020/05/03/ps-231-die-here-is-my-herder-ek-kom-niks-kort-nie/>

BELYDENISAFLEGGING 2020

2020 was 'n besondere jaar wêreldwyd en hier by Parys-Wes sal die drie jong dames wat op Sondag, 20 September 2020 belydenis van geloof afgelê het, dit sekerlik altyd onthou. Hulle sal eendag vir hul kinders kan vertel van die

dag toe hul met maskers op voor die kansel gestaan het. Verder sal hul onthou dat hul anders as gewoonlik, die week vooraf elke aand by ds Barry gaan kuier het om hul voorbereiding vir hierdie groot dag af te handel. Hul ouers kon vir hulle 'n blommetjie aansteek maar die geskenkie en sertiikaat het hul



sommer self op die tafel gevat. Die Nagmaal wat gewoonlik op dié dag gehou word, was ook 'n Covid-slagoffer. Die gemeente kon nie sing nie maar Hermien het bo van die gallery af vir hul lied 268 (Laat Heer u seën op hul daal) gespeel en saam gesing. Sy was gelukkig ver van almal af.

Baie geluk Catha & Emré Holz-Leite en Nioné Marinaki met jul belydenisaflegging en baie welkom as volle lidmate van die gemeente. Baie geluk ook aan jul ouers en dankie vir hulle bydrae in jul lewens en opvoeding.

(Foto: Corne Kapp)

ONS SENIOR BURGERS (80 jaar en ouer)

Hartlik geluk met die verjaarsdag. Die Heer seën elke dag van die nuwe lewensjaar! "Die Here my God gee vir my krag. Hy maak my voete soos dié van 'n ribbok, op hoë plekke laat Hy my veilig loop." Hab. 3:19

JULIE

06 – Jan de Beer (81): Deur die genade gaan dit met hom en sy gesondheid nog baie goed. Hy het tydens die inperking die "gym" baie gemis.

06 – Dalene Nel (81): Gaan goed. Haar huis is verkoop en sy is besig om te pak vir die trek middel Desember na Randburg naby haar dogter. Sterkte!

10 – Susan van der Colff (81): Sy het vir drie maande tydens die inperking by haar dogter in Tzaneen gekuier, maar is nou weer terug en dit gaan goed.

16 – Madelief Wolmarans (85): Dit gaan goed, net die knieë pla nog maar sy bly aan die gang. Lees baie en behartig godsdiensoefeninge in Najaarsrus.

20 – Chrissie Boshoff (85): Sy sukkel nog met haar knieë en bene, maar verder gaan dit goed. Het die kinders baie gemis tydens die inperking.

24 – Bettie Smit (82): Dit gaan baie goed, Geen ernstige klagtes nie, bly besig.

30 - Nicolette Terreblanche (88): Tannie Nicolette kan nie loop nie en word in die afdeling vir verswakke bejaardes by Sally Martin Park versorg. Andersins gaan dit nog goed met haar.

30 – Maria J van Rensburg (81): Gaan goed. Geen klagtes nie.

AUGUSTUS

09 – Babes Renney (83): Baie dankbaar dat dit so goed gaan.

15 – Freda Terblanche (80): Dit gaan goed. Sy het probleme met haar bene wat baie swel, maar ontvang behandeling wat hopelik sal help.

18 – Rita de Jager (85): Dit gaan baie goed en sy het geen klagtes nie.

20 – Sannette Buys (80): Dit gaan goed en haar gesondheid is ook nog baie goed.

23 - Bettie Fullard (87): Dit gaan baie goed. Haar gesondheid is nog goed en sy het lekker by die kinders in Pretoria gekuier.

25 – Ina Mulder (84): Sy is baie dankbaar dat dit so goed gaan en sy bly baie lekker by haar nuwe tuiste.

30 - Ester Reynecke (84): Dit gaan goed en sy is baie dankbaar. Sy trek begin Oktober na 'n woonstel in Najaarsrus en gelukkig sal die kinders en kleinkinders kom help.

SEPTEMBER

05 – Smiley Smith (80): Dit gaan goed, daar is nie foute nie.

09 – David Sussens (86): Dit gaan redelik goed. Party dae is beter as ander maar dis maar die ouderdom. Hy bly baie lekker in Najaarsrus.

10 – Johan de Jager (85): Gesondheid goed, bly lekker in AMOT, geen klagtes.

12 – Vissie Visser (82): Dit gaan goed, op pad Oos-Londen toe. Sy bene wil partykeer nie saam met hom loop nie, maar dan spreek hy hulle aan en dan kom hulle weer!

16 – RW Smith (83): Dit gaan redelik, maar het probleme met sy stembande.

18 – Hennie Wentworth (83): Gaan goed. Gesondheid redelik, hy kan nog stap en bly besig.

23 - Boetie van Niekerk (82): Gaan goed, niks foute nie..

25 – Neels Mathee (84): Sukkel met sy rug as gevolg van komplikasies na operasie. Hy het baie pyn en loop moeilik, maar gaan nog aan.

27 – Ann Taljaard (80): Gaan redelik goed. Osteoperose veroorsaak dat sy moeilik loop, maar sy kom met haar loopraam, en as dit nodig is die rolstoel, nog waar sy wil wees.

28 – Albert Mitchell (82): Sukkel 'n bietjie met die gesondheid, maar gaan nog aan.

29 – Elsa Enslin (87): Tannie Elsa is nie meer so vas op haar voete nie en moet met haar karretjie loop, maar met die genade van Bo vat sy dit dag vir dag!

NUWE INTREKKERS

Baie welkom aan die volgende nuwe intrekkers in ons gemeente. Dit is effense ander tye wat ons tans beleef maar ons vertrou julle sal gou tuis voel. Een manier om dit te doen, is om by een van die Diensgroepe betrokke te raak. Die kerkkantoor sal daarmee help.

Naam	Van	Adres	Vorige Gemeente	Wyk	Kontaknr
Boet & Manda	Van Wyngaardt	Hanlu 1	Parys-Wes	De Villiers	073 4044615
Ria	Viljoen	Sally Martin	Edenville	Sally Martin	0721810898
Dries & Annie	Grové	Bredellstr 7	Smithfield	Bredell	071 4440836 079 2566044

The trouble with quotes on the Internet is that you can never know if they are genuine - Abraham Lincoln

TERUG KERKTOE – WAT ‘N VOORREG!!

Verskillende emosies het deur my gespoel toe ons na byna 6 maande gedurende die grendeltyd weer kon kerk toe gaan! Ten spyte van streng voorwaardes soos maskers dra, hande steriliseer, koors neem en name afmerk, kon ons weer op ons gewone sitplekke gaan sit. Elke tweede bank is met kleefband afgesper sodat daar altyd ‘n leë bank agter en voor jou is. Die 50 mense het ver uitmekaar gesit. Watter vreemde gesig, het ek gedink.

Ek kyk na al die gemaskerde mense en voel hoe hartseer en tog blydschap van my besit neem. Die orrelklanke vul die kerkgebou en ds Barry stap die trappies op na die kansel. Om ds Barry weer te sien het ‘n glimlag op my gesig gebring, hy is nog hier, hy is nog dieselfde man wat die boodskap gaan bring, hy is nie net die stem Sondae en Woensdae op my selfoon nie.

Om nie saam met die orrel te sing nie, was moeilik, mens wou jou vreugde uitbasuin, maar ons moes maar die woorde op die bord volg en dit in ons harte uitbasuin, en ons het geweet die Here hoor ons lofsang.

Dit het my net weer laat beseef – om te kan kerk toe gaan is ‘n voorreg, nie ‘n reg nie, nie ‘n gewoonte nie; dit is ‘n grootse voorreg. Mens dink so maklik: ag kom ons “skiep” vandag die kerk, ons sal volgende Sondag weer gaan. Nee, moenie kerk “skiep” nie, gebruik hierdie voorreg wat ons het om vry na die kerk te kan gaan, mens weet nie wat volgende Sondag kan gebeur nie. Die grendeltyd het ons skielik en onverwags vir 6 maande van die voorreg ontnem. Maar nou kan ons weer die huis van die Here besoek en na ds Barry se inspirerende boodskappe luister.

Hannetjie Pieterse



KERKBASAAR IN VREEMDE TYE!!

Vreemde tye vra vir aanpassings in hoe dinge gedoen word om kop bo water te hou en ek dink ons hier in Parys-Wes het nogal goed daarin geslaag. Ons moes iets doen om fondse vir die gemeente en ander aktiwiteite in te samel.

Die kerkbasaar kon nie in sy gewone formaat gehou word nie en planne moes gemaak word. Die gevolg was 'n basaar in 'n ander gedaante. Sommiges het daarna verwys as 'n uitgerekte basaar. Basaarlyste kon as gevolg van die Covid-19 gevaar nie rondgeneem word nie en gemeentedele is via e-pos en "whatsapp" gevra om bydraes te maak - beide kontant en produkte vir wat sou volg. Baie dankie vir almal wat ingekoop het in die nuwe idee en hul deel gedoen het.

Op Vrydag, 31 Julie 2020 was daar kerrie-en-rys, vetkoeke en lekker nagereg beskikbaar wat vooraf bestel kon word. Vir 15 Augustus is daar 'n ontbyt, worsbroodjies, pannekoek en koekies voorberei en gedurende vroeg Julie is daar 'n hoenderete voorgesit. Wel, nie regtig voorgesit nie want almal moes vooraf bestellings plaas en die onderskeie disse is soos by 'n outydse inrykafee net afgehaal want in alles moes daar steeds aan die Covid-19 voorskrifte voldoen word.

Daar word reeds vanaf einde Julie vleis verkoop en dit gaan, danksy groot skenkings van vleis en beeste, steeds voort. Kontak die kerkkantoor indien jy belangstel.

Dankie aan Dries, Annelie en Wilma in die kerkkantoor want hulle moes in die proses wikkkel om al die bestellings en vleisverkope te hanteer.

Aan diegene wat groot ondersteuners van die Witolifanttafel is, hou moed. 'n Groot vlooiemark word vir 31 Oktober 2020 beplan en dit wat jy moet uitgooi om plek te maak vir die nuwe "winskope", kan by die kerkkantoor afgegee word.

Tot op datum is die mooi bedrag van ongeveer **R91 224** ingesamel. Daar is nog vleis oor en die vlooiemark, waar daar sekerlik iets te ete ook sal wees, lê nog voor.

Baie dankie aan almal wat op een of ander manier deel gehad het aan hierdie vreemde 2020-basaarpoging en gehelp het om dit 'n sukses te maak. Dit word hoog op prys gestel.



DIENSGROEPE

Die Diensgroepe Getuienis en Diens van Barmhartigheid moes ook in die tyd hul fondse aanvul en sodra hul kon, het hul weer begin pannekoek bak. Gelukkig is daar 'n onversadigbare lus vir pannekoek in Parys. So het Getuienis op 4 September bestellings vir bykans 1 500 pannekoeke gehad wat

omtrent almal afgelewer moes word. Diens van Barmhartigheid het op 'n ander dag +-1 200 gebak en afgelewer.

Dankie ook aan almal wat by die geleentheid betrokke was om te help om al die pannekoeke gebak en versprei te kry. Dankie ook aan al die pannekoeketers. Sonder julle sal dit nie werk nie.

EIENDOMME

Gedurende hierdie stiller tyd was daar geleentheid om sekere onderhoud op die kerkterrein te doen. Die besproeiingspunte se deksels is weer behandel en geverf. Baie dankie aan oom Willie Hoffmann vir sy hulp!

Die heining om die kerk het ook 'n afskuur, verfwerk en herstelwerk nodig gehad en hier wil ons dankie sê aan oom Willie en Ivan Kukard vir hulle harde werk.

Dries het nog gewonder waar hy bo-grond gaan kry toe twee mense naby die kerk besluit het om swembad te bou en grond aan die kerk geskenk het. Ongeveer 15 bakkie vragte het eenvoudig in die kerk se binnetuin verdwyn en nog meer is in die res van die kerkgronde ingery. Die rolbalkklub se roller is geleen om die grond so gelyk as moontlik te kry. 'n Mens kan nie dink dat soveel grond in 'n tuin verdwyn nie!

Dries de Jager

Dankie aan jou ook, Dries – Red.

EREDIENSTE

Hannetjie Pieterse het geskryf oor die ervaring om weer te kan teruggaan kerk toe na die lang onderbreking. Dinge is darem stadig besig om terug te keer na die “nuwe normaal”, wat ons nog nie regtig weet hoe dit gaan lyk nie. Met die oorskakeling na vlak 1 van die inperkings het die getal mense wat die kerk nou kan besoek, darem opgeskuif van 50 na 50% van die kerk se kapasiteit. Alreeds 'n groot verbetering. Daar is ook aangedui dat ons weer vanaf 4 Oktober na afloop van die erediens kan gaan tee drink. Dit is hierdie koinonia wat ons almal gedurende die inperkings baie gemis het maar ons moet aanvaar dat dit ook in ons eie belang was.

Baie dankie aan ds Barry wat gedurende hierdie byna ses maande weekliks twee boodskappe opgeneem en aan die gemeente gestuur het. Dit het ons laat besef dat, al is ons in afsondering, is ons steeds kerk en deel van 'n gemeente.

Baie dankie aan die Covid-span wat sorg vir die voorbereiding van die

kerk, besprekings, registrasiereelings en kontrole voor die eredienste en tydens begrafnisse en ander geleenthede.

KERSKOSPROJEK 2020

Parys-Wes het in 2015 begin met die Kerskosprojek waar ons probeer om vir die gesinne wat maandeliks by die kerk 'n kospakkie kry, so iets meer te gee vir die Kerstyd. Tot dusver was dit 'n groot sukses en met die balans van jul bydraes, nadat die Kerskospakkies aangekoop is, was dit selfs moontlik om die maandelikse pakkies so bietjie te rek. Met die beskikbare geld kon ons 75 x 5kg meliemeel by TAU Rollermeule koop en TAU het 75 geskenk. Ons het pas weer 30 sakkies met geld wat geskenk is vir kospakkies, aangekoop en TAU het weer 30 geskenk. 2020 het spesiale uitdagings vir almal ingehou, mense het hul werk verloor en kos het nie goedkoper geword nie. Ons wil die Kerskosprojek vir 2020 nou afskop en doen 'n beroep op elkeen in die gemeente om, waar moontlik, 'n bydrae te maak.



Die geraamde waarde van die kospakkies is R360 - R400 en daar is tans 23 gesinne wat deur die kerk ondersteun word. Almal

is welkom om een of meer pakkies te borg. Alle bydraes is egter welkom en 'n klompie los rande koop ook 'n pakkie. Enige oorskot sal gebruik word om produkte aan te koop waarmee die maandelikse kospakkies in 2021 aangevul kan word.

Bydraes kan tot einde November by die kerkkantoor inbetaal word of kan in 'n koevert wat gemerk is "Kerskosprojek" in die kollektiebord geplaas word.

Baie dankie vir almal se ondersteuning van die projek. Dit word baie waardeer.

Gebed is 'n voorbehoedmiddel teen sonde, siekte, ongelukke en talle gevare. - Ds Weitz Botes - Die Posduif, Mei 2005